


NP van Wyk Louw 'n huldeblyk



AMANDA MEIJ

Spreekster by Stilbaai Leeskring

Die Beiteljie

Ek kry 'n klein klein beiteljie,
ek tik hom en hy klink;
toe slyp ek en ek slyp hom
totdat hy klink en blink.
Ek sit 'n klippie op 'n rots:
- mens moet jou vergewis:
'n beitel moet kan klip breek
as hy 'n beitel is -
ek slaat hom met my beiteljie
en dié was sterk genoeg:
daar spring die klippie stukkend
so skoon soos langs 'n voeg:
toe, onder my tien vingers bars
die grys rots middeldeur
en langs my voete voel ek
die sagte aarde skeur,
die donker naat loop deur my land
en kloof hom wortel toe -
só moet 'n beitel slaan
wat beitel is, of hoé?
Dan, met twee goue afgronde
val die planeet aan twee
en oor die kranse, kokend,
verdwyn die vlak groen see
en op die dag sien ek die nag
daar anderkant gaan oop
met 'n bars wat van my beitel af
dwaarsdeur die sterre loop.

Met hierdie oënskynlik eenvoudige gedig-
gie het die veelbekroonde digter, dra-
maturg en essayis, NP van Wyk Louw, sy na-
latenskap aan ons verdig - eenvoudige woord-
keuse, ekonomies ingespan om die wyds
moontlike trefkrag te hê: '...met 'n bars wat
van my beitel afdwaarsdeur die sterre loop'.
Hieroor sê Ernst Lindenberg: 'Die nietigste
handeling of spel kan dus verreikende, selfs
kosmiese afmetings aanneem...' Of soos TT
Cloete dit sien: die 'klank' van die beitel ver-
woord moontlik die woordskepping van die
digter, wat wyd uitkring en almal bereik.

Ook die dialektiek in die digkuns kom na
vore in die sesde strofe waar die 'twee goue
afgronde' die tweeledigheid in die menslike

bestaan suggereer (goed/kwaad; mooi/lelik;
haat/liefde; ensovoorts), wat later in sy digkuns
sterk uitgebou word in gedigte soos *Raka*,
Ballade van die Bose, ensovoorts.

Maar die gedig dui ook op die geneigdheid
en behoefte van die digter om 'n saak tot in sy
kern oop te kloof. Sy intellektuele reikwydte
en trefkrag spreek uit hierdie woordskeppings-
werk. En hoe wyd hierdie trefkrag uiteindelik
uitgespat het, word na 75 jaar sedert sy eerste
skeppings, duidelik blootgelê in die reaksie van
selfs ouer mense op 'n gedig soos *Miskien ook
sal ons sterwe*.

My ma het, byvoorbeeld, op rype ouder-
dom 'n kopie van *Miskien ook sal ons sterwe*
onder die glasblad van haar bedkassie gebêre,
sodat sy dit, wanneer sy moedeloos geraak
het oor die verengelsing van haar agterklein-
kinders, tot haar troos kon lees:

*Miskien ook sal ons sterwe
en iewers ruggelings stort
dat hierdie helder aarde
in ons verdonker word.
Miskien sal niemand later
mooi dinge van ons weet
en nêrens sin te kry wens
in al ons stryd en leed,
sal elkeen as hy magtloos
naby die sterwe lê
net hierdie eensaam wete
uiteindelik nog hê:
dat ons nie kon gebuig word
soos húl geweld dit wou,
en dat ons hoog kon lewe
net aan ons bloed getrou.*

In *Die smal baan* sê Fij van Rensburg dat
hierdie gedig die volgende openbaar: '...mede-
doë selfs met die verdrukker om sy vas-
gevangenskap in kleinmenslikheid; die besef
dat 'n volk ook kan verdwyn, maar dat dié
wete dan op die aarde moet kan oorbly.'

Die jongeres gebruik sy verse vir 'vers-en-
melodie'-liedjies. My dogter het, byvoorbeeld,
die volgende gedig uit **Nuwe verse** met ka-
taarbegeleiding getoonset:

CONTENTS

NP van Wyk Louw - 'n huldeblyk

'n Treffende bespreking van dié groot
skrywer se bydrae tot Afrikaans deur
Amanda Meij 18

Die ek in die storie

Winnie Rust openbaar wat van haarself
versteek lê in haar vertelling van Martha
Solomons, Gravin van Stamford 20

Goue lint, laat my storie tog weereens be- gint - 'n kykie na seuns se leesgewoontes

Boekkeurder Ethney Waters bespreek die
leespatrone en -probleme van seuns 21

Boeklys vir seuns 9-12 jaar - 'n keur

Ethney Waters gee 'n aanduiding van die
tipe leesstof wat seuns verkies 22

*die ribbok staan op steeltjies en
sy rittel van die wind
waar is daardie biesietjie
se vét-bóúid kind
neusie jy moet raak ruik
hierdie ronde klip-pié
is 'n wit rivier-klip
bökkie, en hy stínk nié.*

Net so gebruik Anton Goosen uit dieselfde
bundel die volgende woorde in 'n liedjie:

*my voete loop na Monteku
maar ek gaan Woester toe...*

My kinders het grootgeword met *Opskrif
vir gaste in 'n klooster* in sierskrif agterop ons
toiletdeur:

*Wees in jou eensaam oomblik nog
van hierdie gasvry wens bewus:
vir elke kramp - sy leniging;
vir alle bose winde - rus.
Vir dié wat traag en langzaam is:
die snelheid van die storm;
en vir die gans-oorhaastiges:
meer vastigheid en vorm.*

Mathews Phosa, tydens 'n toespraak met
die vrystelling van die nuwe **Woordeboek
van die Afrikaanse taal** (WAT), haal Van Wyk
Louw aan: '(hy)...het gepraat van die fyn, fyn
net van die woord waarmee ons blink en vet
visse uit die waters haal'. Hy haal dan Van
Wyk Louw aan uit *Vroegherfs*:

*Die jaar word ryp in goue akkerblare,
in wingerd wat verbruin, en witter lug
wat daglank van die nuwe wind en klare
son deurspoel word; elke blom word vrug...*

In sy onlangse uitspraak rakende die publi-
kasie van die omstrede boek oor die briewe
tussen die twee Louw-broers, stel regter
Siraj Desai dit dat die Louw-broers 'n groot

bydrae gemaak het tot die filosofiese, intellektuele en literêre erfenis van die Afrikaner. Hy meen verder: 'Van Wyk Louw het 'n enorme bydrae gelewer tot veral, wat losweg as die wêreldwye siening van die liberale Afrikaner van die twintigste eeu beskryf kan word. Sy gedigte, prosa en filosofiese skrywes maak steeds 'n impak op intellektuele redevoering in Suid-Afrika.'

Fij van Rensburg sonder hom in **Die smal baan** uit as ons grootste skrywer: 'Dit is asof die Afrikaanse letterkunde in 'n sekere opsig in Van Wyk Louw 'n sintese bereik het, 'n samevatting van alles wat vooraf gegaan het. En met hom word 'n beslissende nuwe fase in verdere ontwikkeling ingelui...en (is) hy een van die werklik belangrike name in minstens die "Dietse" letterkunde.' Hy het 'n standaard in die Afrikaanse letterkunde gestel wat gehandhaaf sou moes word deur dié na hom. Hy was leier sonder dat hy dit gesoek het en het 'van die begin af sy boog met die oog op groter trefafstand gespan... Hy het 'n nuwe klimaat geskep vir die denke oor ons volk en sy lotgevalle'. Hy het, onder meer, '...help verseker dat 'n basies-juiste instellingswyse teenoor die letterkunde by ons kritiek tuisgebring is - dié waarin na die werk gekyk word en nie na die maker agter (of voor of onder) die werk nie.'

In **Digters en digkuns** gee PJ Nienaber 'n indrukwekkende lys gepubliseerde artikels wat oor Van Wyk Louw se werke verskyn het tot op daardie datum:

- 97 gepubliseerde artikels oor sy publikasies
- 39 besprekings in openbare media
- 16 M-verhandelings
- 7 doktorsale tesisse
- 5 Hertzogpryse vir: **Alleenspraak**; **Halwe kring**; **Die mens agter die boek** (wat insluit *Maskers van erns*; *Lojale verset*; *Berigte te velde*); **Germanicus**; **Tristia**.

Hy behaal in 1926 die grade MA (Duits) en BEd aan die Universiteit van Kaapstad (UK). Vanaf 1929 word hy as lektor in die Opvoedkunde aangestel aan die UK. In 1947 vereer die Universiteit van Utrecht hom met 'n eredoktorsgraad en werke soos **Alleenspraak** (1935), **Halwe kring** (1937), **Die dieper reg** (1938 - Voortrekker Gedenktrek-opdrag), **Raka** (1941) en **Gestaltes en diere** (1942). In 1950 aanvaar hy 'n professoraat in Afrikaans aan

die Gemeentelike Universiteit in Amsterdam. Mede-academici in Suid-Afrika was bitter verontwaardig dat hy met bloot 'n MA in Duits, 'n BEd, twee digbundels, 'n paar opstelle en een lang gedig homself bekwaam genoeg kon ag om professor in Afrikaans te wees. Toe hy hiervan hoor, het hy maar net gelag en gesê hy het gedink hy gaan op een of ander stadium nog ge-'doktor' word, maar hy voel dat dit wat hy geproduseer het, goed genoeg is om sy aanstelling te regverdig.

Tydens sy verblyf in Amsterdam word die hoorspel **Diaz** uitgesaai en **Nuwe verse** word twee jaar later gepubliseer. Met sy vyftigste verjaarsdag in 1956 probeer sy broer, WEG Louw en vriende hom terugkry in Suid-Afrika omdat die versdrama, **Germanicus**, opgevoer sou word. Maar hy het nie geld daarvoor nie. Nasionale Boekhandel gee hom egter 'n £300-voorskot op die publikasie van **Germanicus**, en daarmee kom hy Suid-Afrika toe. In 1958 word hy aangestel as professor in Afrikaans aan die Universiteit van Witwatersrand. Tydens sy sestigste lewensjaar, wat as die toppunt van sy skrywersloopbaan beskou kan word, kry hy twee eredoktorsgrade; die *Tristia*-manuskrip word gepubliseer (met al sy redigeringsmerke); **Smal swaard en blink** ('n huldebundel aan hom waarin verskeie skrywers en digters bydraes lewer); die luukse getekende uitgawe van **Raka** verskyn; PJ Nienaber publiseer **Beeld van 'n digter**; 'n hele uitgawe van **Standpunte** word aan hom gewy; en die Hertzogprys (vir *Tristia*) word 'n vyfde keer aan hom toegeken.

Met sy dood op 17 Junie 1970, op ouderdom 64 jaar en ses dae, stroom die hulde van reg oor die wêreld in. Jonckheere merk tereg op dat hy eintlik 'n Nobel Prys moes gekry het. Op sy begrafnis besluit prof Gerrit Viljoen dat daar jaarliks 'n NP van Wyk Louw-huldigungslesing by die RAU (huidige Johannesburgse Universiteit) as 'n prestige-lesing aangebied sal word met die tema 'Onreg'.



Louw familie

Biografiese gegewens

Geboorte en familie

- Nicolaas Petrus van Wyk Louw: gebore 11 Junie 1906 te Sutherland, destydse Kaapprovinsie.
- Ma: Poppie van Wyk en pa: Moltke Louw
- Vier seuns: Bismarck, Koos, Van Wyk en Gladstone (W.E.G.)

Van Wyk as kind

- Word groot in Sutherland en gaan daar skool
- Dig reeds op 8 (in Nederlands!): **Bij een siekbed**
- Lief vir outydse plaasdanse en volksliedjies
- Speel klavier - lief vir Bach, Beethoven, Mozart
- Skryf briewe aan Ella Vlok
- Op 14 jaar na Kaapstad
- Matrikuleer aan SA College High School (SACHS) (onder andere, Boerneef as onderwyser).

As jongman

- Herskryf **Twelfth night** in Afrikaans met Afrikaanse volksliedjies
- Studeer aan die Universiteit van Kaapstad, (onder andere, Afrikaans, Engels en Nederlands) met, onder andere, Boerneef as dosent.
- Latyn as hoofvak. Uitgeblink.
- Ontleed gedigte in briewe aan Ella Vlok
- BA in 1925
- MA (Duits) in 1926
- Gee onderwys op Steynsburg.

Eerste huwelik

- 1926: Ontmoet Joan Wessels
- 1930: Trou met Joan
- Kinders: Ria (1932); Nakkie (1933)
- Vervreemding vanaf 1933
- Egskeiding: 1940.

Tweede huwelik

- 1935: ontmoet Truida Pohl
- April 1941: trou met Truida
- Kinders: Reinet (1947); Peter (1950)
- Amsterdam (1950): professor (Nederlands)
- Wits (1958): professor (Afrikaans-Nederlands)
- 1950 - 1958: verhouding met Sheila Cussons; spanning met Truida
- Uiteindelik weer versoen met Truida.

Dood

Hy sterf op 17 Junie 1970 aan 'n hartaanval.

Nota: Hierdie huldeblyk is tydens *Stilbaai Leeskring se Ope Dag* op 3 Mei 2006 gelewer.



Bibliografie

Cloete, TT. Van Wyk Louw. In: **Standpunte**, 23(5): 1-4 Junie 1970.

Llewellyn Prince. Louw-briewe mag versprei word. **Die Burger**, Donderdag 16 Maart 2006, p. 5.

Lindenberg, E. **Inleiding tot die Afrikaanse Letterkunde**.- Academica, 1965. p. 47.

Nienaber, PJ. **Digtens en digkuns**.- Perskor, 1982 (vierde uitgawe), pp. 272-275.

Steyn, JC. **Van Wyk Louw: 'n lewensverhaal**.- Tafelberg, 1998.

Van Rensburg, FJ. **Die smal baan**.- Tafelberg Uitgewers, 1969, p. 129.